

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Woorddiens

Tema: “Dors om ’n woord van God te hoor?”

Skriflesing: Amos 8:1-14

Lied 464

O Heer my God, as ek in eerbied wonder –
en al u werke elke dag aanskou:
Die son en maan, die aarde, sterre, wolke,
hoe U dit elke dag so onderhou...

Refrein

*Dan moet ek juig, my Redder en my God!
Hoe groot is U; hoe groot is U!
Want deur die hele skepping klink dit saam:
Hoe heerlik, Heer, u grote Naam!*

Broodjies vir die pad

Die H. Abba Josef (4de eeu n.C.)

Kompleet soos ’n vaal en kopergeel kokerboom
tussen die katekruid, kankerbos en kanniedood
hom kranig teen ’n klipkop by Kamieskroon strek
en verruk met tak en blaar na die uitspansel reik,
tas jou sinne wyd na die kleed, die heilsame soom,
van Hóm wat wandel wanneer die aandwind stoot.
Wanneer die Diereriem statig deur die nagruim trek,
waak jy ademloos, totdat die drake weswaarts wyk.
Kyk, Hy is liefde en lig, ’n onvoorsienbare Meteoriet
wat skielik silwerstralend deur die siel se sferes skiet.
Hy bring ’n konflagrasie, ja ’n allesverterende vlam.
Hy skroei die Skerpioen, die Leeu en Krap en Ram.
Waar jy onverskrokke bid, tot in die onmeetlike tuur,
word jy volkome, tot in jou verste vingerpunte, vuur.

Jacobus van der Riet

die dood van god, deel II

Kort na donker het ons aangeklop
Ons kos en drank al lankal op
In hierdie herberg van genade
Ver van stornis, bloed en skade
Kan ons kom rus hier by die vuur
In stilte, vuisvoos, uur na uur
Gestroop van haat, op soek na troos
Om eindelijk te kan verpoos
In die skadu van die Liewenheer
Wie gesterf het sodat ons nou weer
Kan lewe in sy aangesig
Soos oudsoldate van die lig
Want daar buite is die sout al laf
Hier haal ons ons medaljes af
En skink saam met U ’n glasie wyn
Op die broederskap van pyn

Koos Kombuis



We complain of the increased tempo of our lives, but our frenetic lives are just reflection of the economic system that we have created. (Stanley Hauerwas)

To be a Christian means you become a part of the most significant story the world has ever heard. You don't become part of that without an ongoing questioning of what it means to become part of that. (Stanley Hauerwas)

There's an inclination to get on the inside of Jesus' psyche, and I think that's a deep mistake because it assumes that what you have here is someone analogous to us. (Stanley Hauerwas)



Ewige jonkheid is herhalende ontdekking

Wilhelm Jordaan

Ek het ’n geoorloofde liefdesverhouding met die sangeres/aktivis Joan Baez, met wie ek ’n verjaardagdatum deel en wie se betowerende sirenesang al van 1959 af tot vandag toe my in die gemoed beweeg: Die strydlied “We Shall Overcome”; “Sagt Mir Wo die Blumen Sind”; “Farewell Angelina” . . .

En, natuurlik, haar weergawe van Bob Dylan se “Forever Young” – juis noudat ek (en sy!) volgens die wêreld se maatstawwe ou kant toe staan. Met dié woorde wat steeds ontroer: “May your hands always be busy / May your feet - always be swift / May you have a strong foundation / When the winds of changes shift / May your heart always be joyful

◆◆◆
Hope is the word which God has written on
the brow of every man. (Victor Hugo)



/ May your song always be sung / And may you stay forever young / Forever young . . . ”

Daarmee die vraag; Hoe sinvol is dit vir ou mense om “ewige jonkheid” toe te eien? Dít teen die agtergrond dat jou lewe deesdae, medisinaal gesproke, met ekstra “bonusjare” verleng kan word:

In haar boek *Never Say Die: The Myth and Marketing of the New Old Age* ontleed Susan Jacoby dié “bonusjare” te midde van ’n anti-ouderdomskultus wat dood, aftakeling en ouderdom doodpraat en deur ’n geslepe leksikon allerlei illusies optower oor die “nuwe goue jare” wat vir iedereen wag.

So asof lyding, pyn, ontreddeering, verglyding, lewensbeperkende en ongeneeslike siektes eintlik nie bestaan nie; dat die ouderdom nie ’n wreedaard is wat die veerkrag van jou lyf wegdraap en die vuur van jou siel steel nie.

Oor dié kultus is die filosoof Daniel Klein sinies: “Despite these bonus years, our bladders fail, our limbs tremble, and our energy dwindles to just above vegetation. Locked inside our decaying brains and bodies, we become isolated from everyone and everything we ever knew. Alive is the new dead.”

Verset teen die kultus behels nie ’n passiewe leefstyl ná aftrede nie. Allermens. Dit gaan oor waardig oudword, waardig leef en waardig sterf; dat elke lewensomblik in jou leefbeurt jóúne is en so ook die keuses oor hoe jy dit wil benut. Daar is nie ’n resep nie.

Die onderliggende sentiment in Baez en Dylan se lied oor “ewige jonkheid” het juis te doen met ’n lewensreis van herhalende ontdekking. Dié reis gaan nie oor nuwe landskappe, plekke of wêrelddele nie, maar oor “nuwe oë” waarmee jy kyk.

Dit behoort elkeen se lewensinstink te wees: Om die groot én oënskynlik geringe besonderhede van ons bestaan te verken – van ons plek in die kosmos tot die alledaagsheid van kleinkinders op die skoot te tel en te kyk wie se naels die skoonste is; fyn te luister na jong mense; en altyd soekend te wees na begrip vir dit wat nuut, ongewoon en anders is.

Dán bly jy rustig, nie geklik nie, betrokke by jou voortgaande lewe wat eers eindig wanneer jy nie meer asem het om te haal nie.

<http://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/wilhelm-jordaan-ewige-jonkheid-is-herhalende-ontdekking-20160713#>

Brood vir die pad

‘Kerk’ kan jou ‘koffie’ soveel beter maak

André van Niekerk

Kerk of koffie op ’n sonnige wintersondag in die Kaap? Te oordeel aan Sondag se getalle, is dit nie meer ’n moeilike keuse nie.

Aan die voet van Tafelberg was die erediensgangers maar min.

Al hoor ’n mens God is nie soos ons dink nie, maar soos Christus toon; al laat die lidmate besoekers welkom voel en is die dominee hartlik en opreg; al is die saamsing met die orrel nostalgies en die koffiedrink ná die diens gesellig, kies al hoe minder gelowige mense om Sondag nog kerk toe te gaan.

Sou die uitsluiting van sekere groepe mense daaraan soos ’n bitter nasmaak meewerk? Ook die ongeloofwaardigheid

van dreig-en-oordeel- en antiwetenskap-boodskappe?

Sou ons vanuit ons gemak nie meer wil opoffer om saam met eenvoudige mense te wees nie, maar soveel genot as moontlik op ons eie najaag? Kan ’n mens die lig van God se genade in ’n tradisionele erediens proef?

Oorkant die kerk is die koffieplek oorvol. Jy ruik die waarheid, waarop hulle roem, al ver. Dit bring mense byeen, maak hulle vrymoedig en jonk en oud in gesinne raak gelukkig.

In teenstelling met die kerk se koue ruimtes is dit knus en warm. Boonop is dit goed vir die eienaars se sakke, die stad se toerisme en die land se ekonomie.

“Waarom sou mense nog kerk toe gaan,” vra A.A. van Ruler jare gelede in die suksesvolle samelewing van Nederland nadat hy self weens siekte nie vir ’n tyd kon gaan nie.

Diepsinnig antwoord hy sy eie vraag met 21 redes, soos: om my bestaan ten volle te deurgrond en te beleef, om ingestem te word, om geloofsgemeenskap en rus te vind en om die wêreld se verlossing te vier.

Dit word duidelik gelowig-wees is nie gelyk aan kerkgang nie, maar ’n leefstyl. Maar vir dié leefstyl is erediensdeelname soos asemhaling.

Kortom: “Kerk” kan jou “koffie” beter maak. Die uur of wat van ’n erediens kan jou Sondagpieknik, jou seil in die wind, jou klim teen die kranse, jou fietsry in die kloof en jou draf langs die water heerliker maak.

“Beter” en “heerliker” moet wel nie verstaan word as suksesvoller en aantrekliker nie. Die verwondering oor God as misterie van die werklikheid gee ’n mens ’n egter belewenis van alles wat bestaan.

Ook die skadu’s in jou eie hart en die irritasies van ander kan in nuwe, sagter lig kom. Selfs die pyn van teleurstelling, verwerping, skeiding en siekte kan ’n poort na diepere groei en die vrede-bo-verstand word.

Die nadenke (v)oor God kan my ingeprente idees oor myself en ander verander.

Dit kan jou help onderskei waar ’n mens ’n verskil kan maak en wanneer jy eerder met kalmte moet aanvaar wat jy nie kan verander nie.

Eredienste behoort moderne mense nie te leer om selfgerigte genot te ervaar nie, maar om eerliker oor die swaarkry in die lewe te wees. As jy bevoorreg is om min lyde aan eie lyf te voel om wel met ander medelye te hê.

Die saamstap met die blinde teen die kerk se trappies af, laat jou heelwat verder as die koffieplek sien.

<http://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/andre-van-niekerk-kerk-kan-jou-koffie-soveel-beter-maak-20160706>



Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.

Ubi caritas, et amor

ubi caritas, Deus ibi est.